

HERLEWINGSLANDBOU

BEESTE KAN KLIMAATSWERANDEERING VERLIG

BEESTE is uiters belangrik vir die mens se voortbestaan. In die dokumentêre program *Kiss the Ground* wat op Netflix gesien en deur die akteur Woody Harrelson aangebied word, word in besonderhede verduidelik hoe herlewingslandbou die potensiaal het om die aarde se klimaat te balanseer, verlore ekostelsels te herstel en die wêreld te voed.

Wanneer beeste in harmonie met die natuur bestuur word, is dit een van die doeltreffendste hulpmiddels op aarde om nuwe lewe in grond te blaas, wat die hoeksteen van die koolstofsirkel is.

'n Mielieplant produseer twee tot drie stronke. Mense kan slegs die pitte verteer, en nie eens al die pitte nie. Die veselagtige buitenste skulpe van mieliepitte beweeg in onverteerde vorm deur die menslike gastro-intestinale stelsel weens 'n gebrek aan die nodige verteringsensiem. Die res van daardie mielieplant is nutteloos vir mense ten opsigte van energie, maar dit is 'n maaltyd vir herkouerdiere,

soos beeste. Beeste is daartoe in staat om die voedingstowwe in plante, blare en stronke in voedingstowwe om te skakel in die vorm van vleis en melk wat gepas vir menslike verbruik is. Dit geld melk- én beesvleisproduksie.

LANDBOUGROND IN DIE WEEGSKAAL

Dit is noodsaaklik dat alle voedselverskaffers vooruit planne beraam sodat genoeg voedingstowwe vir 'n verwagte bevolking van 10 miljard teen 2050 beskikbaar sal wees.

Sommige dele van die wêreld ervaar toenemende hitte en droogtes, terwyl ander vloede en groot, skadelike storms ervaar. Landbougrond word in albei dié scenario's bedreig. Dit is waarom belanghebbendes hul kant moet bring om ekostelsels te verbeter. Laasgenoemde het hoofsaaklik met grond te doen.

Herlewingslandbou is 'n holistiese, beginselgedrewe benadering tot boerdery wat daarop gemik is om die ekostelsel en die veerkrag-

tigheid van gemeenskappe te bevorder. Dié praktyke onttrek koolstof aan die lug, berg dit op in die grond en help die grond om meer bestand teen weergebeurtenisse te wees.

Verder help herlewingspraktyke om wateropname te verhoog, voedingstowwe te laat sirkuleer en dit verminder gronderosie, wat 'n gunstige impak op die gehalte van nabygeleë damme, riviere en strome het.

Dié voordele kan 'n finansiële voordeel vir boere inhou deur te verseker dat meer voedingstowwe in die veld bly en deur plante opgeneem word pleks van om weens wind- of watererosie verlore te gaan.

Herlewingspraktyke op veeplase kan ietwat anders lyk as op plase wat plantgewasse produseer, en behoort aangepaste weiding op weiveld en gewaslande in te sluit.

BRON: <https://www.meatpoultry.com/articles/24009-cows-are-critical-for-climate-change>

VERBRUIK

VIER GELEENTHEDE GEÏDENTIFISEER

AMERIKAANSE navorsing het vier groot geleenthede vir die diereproteïenbedryf geïdentifiseer. Plaaslike veeboere kan ag daarop slaan, aangesien dit in die toekoms 'n groot rol in diereproteïen gaan speel, meen 'n woordvoerder van die Rooivleisprodusente-organisasie.

Eerstens is 'n belangrike geleentheid die verbruiker se begeerte na vars diereproteïen van 'n hoë gehalte, maak nie saak watter snit dit is nie, want verbruikers beskou vars, puik proteïen as gesond vir hul liggame.

Dan kyk verbruikers wat finansiële onsekerheid ervaar, na maniere om vleis langer vir hul families te laat hou sodat hulle geld kan bespaar en minder gereeld inkopies gaan doen.

Verbruikers is steeds bekommerd oor nywerheidsplase, maar hulle wil nie afstand doen van gerieflike en bekostigbare diereproteïen nie. "Gerieflik" verwys na maklike toegang en maklik om voor te berei met 'n soliede voedingswaardeprofiel.

Verbruikers is nie beïndruk met die smaak van baie plantgebaseerde alternatiewe nie. Hulle verkies die smaak en tekstuur van ware diereprodukte, maar plantgebaseerde alternatiewe word deur sommige beskou as gesonder vir hulself en vir die planeet.

BEK-EN-KLOUSEER

SIEKTE SE GENETIESE BLOEDRUK GEKARTEER

WETENSKAPLIKES het 'n molekulêre ontleding van 'n deel van die virus onderneem wat bek-en-kloueer veroorsaak. Daarmee wil hulle bepaal waarom die virus só aansteeklik is.

Bek-en-kloueer is 'n hoogs aansteeklike besmetting van diere met 'n gesplete klou wat 'n impak op produksie en kuddevrugbaarheid het.

Internasionale ekonomiese verliese weens die siekte word op tot \$22,5 miljard (R345 miljard) per jaar bereken, met die wêreld se armste boere wat die grootste skade ly.

'n Span wetenskaplikes van die Leeds en Illorin Universiteit in Nigerië het die be-

tekenis ontleed van die ongewone manier waarop die virus se genoom kodes vorm vir die vervaardiging van 'n proteïen genaamd 3B. Dié proteïen is betrokke by die vermeerdering van die virus.

Wetenskaplikes is al geruime tyd bewus van die feit dat die virus se genetiese bloeddruk drie afsonderlike kodes of instruksies vir die vervaardiging van 3B bevat.

Elke kode produseer 'n soortgelyke, maar 'n nie-identiese afdruk van 3B. Tot nou toe kon wetenskaplikes nie verduidelik waarom dit betekenisvol is dat drie vorms van die proteïen bestaan nie.

In 'n artikel maak die wetenskaplikes 'n reeks van laboratorium-eksperimente bekend wat daarop dui dat verskeie vorms van 3B die virus 'n mededingende voordeel gee en sy kans op oorlewing verhoog.

Skadelose virale fragmente en replikas, asook fragmente van RNS-molekules, die chemikalie wat die virus se genetiese kode vorm, is in die eksperiment gebruik.

BRON: <https://www.eurekalert.org/publications/2020-11/uol-tqj112720.php>



HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.

BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. 012 349 1102 | E-POS: rpo@lantinc.net | WEBWERF: www.rpo.co.za